# Soos visse in die water



Foto en diagram C

## Vrolik jou badkamer op met 'n ry vissies. Borduur dit self in kruissteek en stik dit op jou blinding en handdoek. Versorg deur Riana van der Merwe

**MATE**
1 herhaling = sowat 6,5 cm breed; borduurwerk is sowat 4 cm hoog


**BENODIGDHEDE**
Strook Aida-borduurstof met 14 blokkies/2,5 cm, van sowat 8 cm breed en verlangde lengte (jy kan ook afgewerkte Aidastroke gebruik); Anchor borduurgare in kleure soos aangedui by diagram - hoeveelheid sal afhang van hoeveel herhalings borduur word; borduurraam; tapisserienaald no. 24; beskermlap.

**MAAK SO**

**1.** Werk totale lengte van strook wat nodig is, uit en bereken hoeveelheid blokkies as volg: Deel cm-waarde deur 2,5 en maal dan met 14. Om spasiëring te bereken, deel hierdie getal deur 34. As die hoeveelheid blokkies wat oorbly, minder as dubbel die hoeveelheid herhalings is, voeg dit by die randtoelating. As dit meer as dubbel die hoeveelheid herhalings is, laat twee blokkies meer aan die regterkant van die bestaande diagram toe en hou onderste en boonste rye konstant. As daar nog blokkies oorbly, voeg dit by die randtoelating.

**2.** Borduur vissies met twee draadjies in kruissteek. Sorg dat die boonste balkies van die kruisies almal in dieselfde rigting lê.

**3.** Was versigtig en pars indien nodig aan verkeerde kant op handdoek. Vou some na verkeerde kant om en stik netjies op blinding of handdoek vas.



**DIAGRAMSLEUTEL**

| | | |
|---|---|---|
| X | 43 | rooi |
| • | 1032 | ligblou |
| O | 280 | geel |
| ● | 123 | donkerblou |

**KRUISSTEEK**

Werk eers halwe kruissteke in een rigting en voltooi kruise op terugkeer. Die boonste balkies van kruisies in 'n projek moet in dieselfde rigting lê, maar die rigting is jou keuse.

